Laerskool Queenswood

Omsendbrief 14

11 Mei 2011

Geagte Ouers en Voogde

VERKIESINGSDAG - 18 MEI 2011:

Ouers moet asseblief daarop let dat 18 Mei 2011, verkiesingsdag, 'n openbare vakansiedag is. Daar sal geen skool vir leerders wees. Die *Naskool* sal ook op hiedie dag gesluit wees.

PERSONEELVERSKUIWING:



Soos u reeds weet, het mev. Meijers aan die einde van verlede kwartaal afgetree. Mej. Willemse, wat reeds twee jaar verbonde is aan ons skool, is in haar plek aangestel.

Mev. Kok, een van die graad 3 onderwysers, is met kraamverlof en begin die derde kwartaal weer werk. Mej. Vorster neem tans in haar plek waar.

Mej. Vorster gaan dan die Kuns en Kultuur graad 5 tot 7 en Engels graad 5 aanbied. Dit is alles interne verskuiwings wat plaasgevind het as gevolg van die aftrede van mev. Meijers en mev. Kok wat op kraamverlof is. Hierdie verskuiwings vind in alle skole plaas en ons doen dit om nie 'n personeellid te verloor nie. Wees gerus die leerders word geensins benadeel nie.

BOBBY VAN JAARSVELD:

Die nuwe datum vir Bobby van Jaarsveld se optrede is 19 Augustus 2011. Stuur asseblief u kaartjielyste terug skool toe vir kontrole. Die ou kaartjies kan dan weer gebruik word. Indien u nie meer u kaartjies het nie, kontak asseblief die finansiële kantoor.

WÊRELDKENNIS OLIMPIADE:

Die Wêreldkennis Olimpiade vind op Donderdag 19 Mei 2011 plaas. Al die graad 6 en 7 leerders neem daaraan deel. Lees, luister en vra vir oulaas om jou algemene kennis te verbeter!

BOEKEVERKOPING:

Die boekeverkoping waarna almal so uitsien, vind op Woensdag en Donderdag (1 en 2 Junie 2011) in die skoolsaal plaas.

Spaar solank jou geldjies sodat jy nie met leë sakke te staan kom voor tafels wat kreun onder die aller wonderlikste boeke en speletjies nie!

SENÔR CHEF EN INA PAARMAN'S:

Leerders ontvang vandag vyf bestelvorms saam met 'n kleur brosjure vir Senôr Chef en Ina Paarman's produkte. Hierdie produkte is beskikbaar teen dieselfde/goedkoper pryse as in die winkels. Bestellings kan tot en met 2 Junie 2011 geplaas word. Kontant moet bestellings vergesel. Aflewering vind aan die begin van die derde kwartaal plaas. Ons vra dat u, u familie en vriende hierdie fondsinsamelingsprojek sal ondersteun.

PAPIERHERWINNING:

Ondersteun asseblief nog steeds ons papierherwiningspojek. Vrydae is "weegdag". Stuur asseblief alle ou papier, koerante en tydskrifte voor of op Vrydae na die skool.

FOTODAG - 17 MEI 2011:

Die volgende eerste en tweede kwartaal aktiwiteitsfoto's word op 17 Mei 2011 geneem. Leerders moet asseblief die regte klere vir die aktiwiteit waaraan deelgeneem is saambring.

Bulletjie rugby 0/6 en 0/7 (graad R en grand 1)

Alle rugbyspanne

Alle netbalspanne

Skaak

Atletiek

TOP TIEN:

Die akademie top tien vir senior leerders sal eerskomende Maandag in die saal aangekondig word. Die leerders sal dan ook op die skool se webtuiste verskyn.

Punte van belang:

Verkiesingsdag

Personeelverskuiwing

Bobby van Jaarsveld

Wêreldkennis Olimpiade

Boekeverkoping

Senôr Chef en Ina Paarman's

Papierherwinning

Fotodag

Top Tien

EKSAMENAFBAKENINGS:

Senior leerders ontvang Vrydag hulle eksamenafbakenings.

OUERAAND - 10 MEI 2011:

Baie dankie aan al die ouers wat die oueraand bygewoon het. Dit is altyd lekker om positiewe terugvoer van die ouers se kant te kry.

DIE KIND EN SPORTSIELKUNDE:

Alle ouers en afrigters word op 19 Mei 2011 uitgenooi om vanaf 18:00 tot 21:00 in die skoolsaal 'n praatjie oor die inleiding en toepassing van sportsielkunde vir die kind by te woon.

RUGBY:

Alle rugbyspanne oefen eerskomende Donderdag soos normaalweg. Die 0/9A span speel tussen 14:30 en 15:30 'n oefenwedstryd tuis.

Op 17 Mei 2011 speel alle spanne teen Totiusdal weg.

Op 19 Mei 2011 speel ons spanne teen Curro tuis.

LEESKLINIEK:

Sien aangehegte skrywe.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Eksamenafbakenings

Oueraand

Die kind en sportsielkunde

Rugby

Leeskliniek